Brief 3

Rede vir kennisgewing: Oorplasing van versoek – Artikel 20(1)/(2)

Verw.no. : ***Inrigting se briefhoof***

Navrae :

OORPLASING VAN 'N VERSOEK OM TOEGANG TOT 'N REKORD INGEVOLGE ARTIKEL 20 VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (WET 2 VAN 2000)

Hierdie inrigting het 'n versoek om toegang tot 'n rekord ingevolge artikel 18(1) van bogemelde Wet ontvang. Na 'n deeglike ondersoek blyk dit dat die aansoek moontlik vir u inrigting/departement bestem is op grond van die bepalings van artikel *20(1) / 20(2) van bogemelde Wet, en wel om die volgende redes:
(Byvoorbeeld. Die versoekte rekord hou nie verband met die inrigting se werksaamhede nie.)

_____

_____

Die oorspronklike Vorm A-versoekvorm word gevolglik hiermee, ingevolge artikel 20 van bogemelde Wet, na u inrigting/departement oorgeplaas.

Besonderhede van die persoon wat toegang tot die rekord versoek:

Volle naam en van : _____

Identiteitsnommer : | | | | | | | | | | | | | |

Posadres : _____

Kontaktelefoonnommer: _____

Faksnommer : _____

E-posadres : _____

Die versoek is op _____ deur hierdie inrigting ontvang. U word beleef herinner aan die bepalings van artikel 20(3) van bogemelde Wet in hierdie verband en ook dat u binne 30 dae ** na ontvangs hiervan die versoek ingevolge artikel 20(4) van bogemelde Wet sal moet afhandel.

ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE
DATUM:

**Skrap waar van toepassing.*
***Sien artikel 87 van bogemelde Wet: 1ste jaar: 90 dae, 2de jaar: 60 dae, en daarna 30 dae.*

LW: Die versoeker moet kennis gegee word van oorplasing – artikel 20(5).
Brief 4.